September 2025

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Die lig is vir die regverdige gesaai en vrolikheid vir die opregtes van hart. Psalm 97:11



Foto: Mohair South Africa

# 'N UITTREKSEL UIT DIE VOORSITTERSVERSLAG
# A SYNOPSIS OF THE CHAIRMAN'S REPORT



**Dirk van Papendorp (Voorsitter / Chairman)**

It is with great appreciation that I present this Report for the year ending February 2025. It was a year in which resilience, innovation, and collaboration proved decisive for our Co-operative as we navigated an ever-changing agricultural landscape. It was also a year in which growth was achieved despite the challenges characteristic of farming in South Africa, further intensified by an extremely unstable international trade environment. The Southern Cape, with its unique climate and diverse agricultural sectors, did not disappoint and continues to play an important role in South Africa's food security and economic well-being.

Rekord graan-opbrengste was aan die orde van die dag, maar die lae graanpryse het 'n demper op marges geplaas. Gelukkig kon oorlaatskuld vlakke weereens afbestuur word. SSK se kredietspan werk konstant aan nuwe en verfynde kredietoplossings vir ons Lede. Die omvang van die jaarlikse styging in produksiekoste kan duidelik gesien word in die maand van Oktober 2024 toe R190 miljoen se ekstra krediet teenoor 2023, aan Lede beskikbaar gestel is.

Vrugteboere het goeie oeste gerealiseer, met uitvoer-premies wat weereens in verskeie markte verwesenlik kon word. Alhoewel internasionale handel toenemend wissel-vallig weens skeepsontwrigtings en valutaskommelinge is, kon ons sitrus- en wynprodusente hul markte in Europa en Asië behou. Die veesektore het beskeie groei getoon. Ongelukkig hou die vleis- en veselpryse nie tred met die koste geassosieer met die produksie daarvan nie. Die suiwelbedryf kry steeds swaar vanweë 'n uiters lae melk/voerprys verhouding. Die Bek-en-Klouseer uitbraak vroeg in 2024 het ook nie gehelp nie.

Die Koöperasie se finansiële posisie bly gesond. Totale inkomste styg slegs met 4.9%, maar wins voor belasting en na ledebonusse styg met 32.8%, grootliks vanweë 'n meer effektiewe bestuur van die totale voorsieningsketting. By Handel het die sukses van die nuwe verspreidingsentrum te Herold bedryfskoste beperk deur die onderhandel van beter grootmaat-aankoopsmarges. Die Meganisasie-, Saad-, Versekering-, Graan- en Veevoerafdelings het ook almal positiewe bydraes tot hierdie wins gemaak.

The member bonus increased by 12.9% to R90 million; making it well worth it for members to do business with SSK! Reserves grew by 11%, while member funds increased by 25% to R238,311,254.

Ons filiale het weereens sterk presteer alhoewel Soill produksie-uitdagings en 'n stram mark vir plantaardige olies, moes trotseer. Eureka Meulens en Technifarm het verstom en voortreflike groei getoon en die Direksie is opreg trots op hul bydrae tot die winsgewendheid van die SSK Groep.

In March 2024, the Competition Commission approved the merger of SSK and HLK. The merger brings a larger and more diverse membership base, spread across a wider geographic area. We warmly welcome the new HLK members to the SSK family, as well as our two new Directors from the HLK region – Daan du Plessis and Maizie Vermaak.

Ek spreek my opregte dank uit aan die Direksie vir hul waardevolle insette en die tyd wat hulle aan SSK afgestaan het. Aan ons bekwame bestuurspan en toegewyde personeel – dankie vir julle onvermoeide ywer en die hoë standaarde waarmee julle elke dag te werk gaan. Dit verg opoffering, lang ure en vol dae – ons sien dit en waardeer dit! Ek glo vas dat ons Hemelse Vader se hand in alle fasette van ons besigheid sigbaar is. Mag ons in die komende jaar verenig vorentoe beweeg, met die strewe om saam 'n voorspoedige, inklusiewe en volhoubare toekoms vir landbou in die Suid- én Oos-Kaap te bou. Sukses is nie altyd gewaarborg nie, maar ons gaan aanhou bou – met oorgawe.

*- Dirk van Papendorp*
*Voorsitter / Chairman*




**Francois Swanepoel, SSK se Hoof Uitvoerende Beampte, spreek lede en gaste toe by die 2025 Algemene Jaarvergadering, wat op 25 Julie te Heidelberg plaasgevind het.**

# RIKUS VORSTER

## Chief Operating Officer: Corporate Services

### TELL US ABOUT YOURSELF AND YOUR FAMILY

I was born in Johannesburg as the third of four boys. My mother cooked tirelessly to keep us fed! She was the rock our family was built on, and I remain grateful for all the sacrifices she made for my brothers and I. I matriculated from Waterkloof High School and after school I spent 18 months in England working to save up for my studies. Upon my return, I studied B.Com Accounting at Tukkies and later earned my Honours degree from the University of Johannesburg. I completed my articles at Deloitte in Pretoria, where I qualified as a Chartered Accountant. It was also during this time that I met my better half, Juliet. Juliet is an incredible person – loving, creative, and passionate about everything she does. She is currently homeschooling our four children. And yes, our household can become a bit chaotic at times!

### WHAT DO YOU ENJOY DOING TOGETHER AS A FAMILY?

We love entertaining, and our guest room is a popular spot in the house when family and friends come to visit. We enjoy the outdoors and spend a fair amount of time at the sports field when the kids have games. We're also keen on sports – tennis, golf, cycling, watching rugby, and recently we've started trying our hand at surfing. We would braai every night if the weather allows it. On cold or rainy days, we like to sit together by the fireplace, each with a book in hand. Family movie nights with a Christmas bed are of course always a winner in our house.

### SUM UP YOUR CAREER UNTIL NOW

My motto in life is: "Take the road less travelled." I'm not a routine person and I enjoy challenges. We've moved around quite a bit, and I've worked as an accountant in various parts of South Africa as well as abroad, including five years in Africa. My career at Deloitte gave me a good and strong foundation, and from there other opportunities followed. I enjoy learning new things. In 2022, I completed my Master's degree in Finance at the University of Cape Town, and I'm also in the process of qualifying as a Certified Fraud Examiner. After a few interesting years, we decided in 2022 to move to Humansdorp/Jeffreys Bay to enjoy a more relaxed lifestyle. Little did we know that we were about to embark on a somewhat "unexpected" adventure, and a challenging experience that far exceeded our expectations.




F.l.t.r (back): Jacques, Rikus and Juliet.
F.l.t.r (front): Benjamin, Inge and Christiaan

### WHAT IS YOUR GREATEST CAREER ACHIEVEMENT?

For me, it is important to keep growing and learning as a person, while making a positive impact on the environment and the people around me. Just before Covid-19 I started working as Chief Financial Officer at a software automatization company in Cape Town where I detected fraud. Apart from the pandemic, the mismanagement of the business almost resulted in the company going under. Management however turned the company around and ended up selling it to an American private equity fund. Shortly after, I started at the Humansdorpse Landbou Koöperasie, unaware of what was waiting! Being part of the conservation of The Co-op, and in doing so making a difference in communities and people's lives, will also and always stand out as a career highlight for me.

### WHERE DO YOU SEE YOURSELF AND SSK IN 5 YEARS?

I would like to see the business continuing to grow, move forward, and establish itself firmly in the larger area it now serves. Keeping up with technological advancements and navigating political challenges will be critical and will contribute to the business' success. On a personal level, I want to keep learning, keep growing, and continue adding value in whichever role I find myself. One never reaches a point of knowing everything, which is why I really look forward to the new challenges that lie ahead for both myself and SSK.

### WHAT IS THE BEST ADVICE YOU'VE EVER RECEIVED?

When things got tough, my mother always reminded me: "Perseverance is meant to be used," and "Wisdom begins with the fear of the Lord."

# SSK DIREKSIE 2025 – 2026



**V.l.n.r agter: Daan du Plessis en Johann Reinecke.**
**V.l.n.r middel: Adriaan Steyn, Johann Muller, Hampie Lourens, Thys Streicher, Jonathan Barry en Pieter de Jager.**
**V.l.n.r voor: Thys Odendaal, Schalk Viljoen (Onder-Voorsitter), Dirk van Papendorp (Voorsitter), Maizie Vermaak en Johannes Joubert**

# THEUNS STANDER VAN SANDDRIFT



Agter v.l.n.r: Benita en Theuns. Voor v.l.n.r: Mieke (met Coby) en Christiaan.

Op 'n onlangse besoek aan SSK-lid, Theuns Stander, van die plaas Sanddrift, Kammanassie-distrik, is die volgende gesegde met my gedeel "Daar is net een nasie, en dit is die Kammanassie". Waar is dit dan ook, want op my aankoms by die Standers groet Theuns my met 'n borrelende glimlag. Sanddrift is geleë aan die suidelike helling van die Kammanassieberge wat beteken die winterseisoen is baie kouer hier as aan die westelike gedeelte van die berg. Boere wat hier woon plant later en oes vroeër as ander in dié gebied.

Die familieplaas en boerdery word deur beide Theuns en sy pa, Koos, bestuur. Daar word op gemengde boerdery gefokus met vrugte kultivars soos Evita vye, Packham pere en Early Red appels wat geoes word. Wortelsaadverbouiing vorm deel van die boerdery en brokkoli word ook geplant. Hul Evita-vye en wortelsaad word hoofsaaklik na die buiteland uitgevoer, met sterk kliënteondersteuning vanuit die Verre Ooste, Midde-Ooste, Europa en die Verenigde Koninkryk. Op kleinskaal word daar met skape geboer asook met koring en hawer. Die plaas wat deur Theuns se oupa, oom Losie Stander, in 1968 gekoop is, is 680 hektaar groot. Water in die gebied bly 'n bekommernis vir boere en dus word daar gediversifiseer wanneer dit by gewas-aanplantings kom. Die plaas se grootste bron van water is afkomstig van 'n fontein in die Kammanassieberge.

> *"Daar is net een nasie, en dit is die Kammanassie"*

Oestyd op die plaas is vir nou eers klaar en Theuns wys vir my die vyebome wat onlangs gesnoei is. In die kombuis geniet ons koffie en beskuit terwyl hy my van sy kinderjare en gesinslewe vertel. In 2000 het hy aan Oakdale Landbouskool gematrikuleer en is Engeland toe vir werk. Terug op eie bodem het hy dadelik saam met sy pa begin boer. Hy en sy vrou, Benita, het mekaar in 1999 ontmoet en is in 2011 getroud. Benita is 'n voltydse huisvrou en is die organiseerder en planmaker in die huis. Theuns lag en sonder om te skroom noem hy "ek bid dikwels dat sy nie voor my moet gaan nie. Sy kan nog sonder my, maar nie ek sonder haar nie!"

Hulle twee kinders, Mieke (11) en Christiaan (8), gaan op Oudtshoorn skool en bly gedurende die week in die koshuis. 'n Mens kan dit aan Theuns se persoonlikheid sien dat hy dit geniet om tyd saam met sy kinders te spandeer – jonk van gees en lus vir die lewe! Naweke en vakansietye word daar bosvarke gejag, tarentale geskiet en lekker rondom 'n bosbraai gekuier. In Mei hierdie jaar het hy vir Christiaan vir die eerste keer saam met hom op 'n jagtoer Vosburg toe geneem. Hy noem dat dit vir hom 'n trotse pa-en-seun uitstappie was en 'n herinnering wat hy vir altyd sal koester.

My besoek aan die Kammanassie-gebied was kort, maar aangenaam. Ek het heerlik by hierdie twee lekker mense, Theuns en Benita, gekuier. Soos oom Koos sal sê "dis lekker om mens te wees, maar dan moet jy ook 'n lekker mens wees."

*- Astrid Fisher*
*Bemarking en Kommunikasie Spesialis*

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | MEI 2025 | JUNIE 2025 | JULIE 2025 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 3 | 3 | 10 |
| Albertinia | 21 | 26 | 23 |
| Ashton | 24 | 56 | 34 |
| Avontuur | 16 | 75 | 26 |
| George | 29 | 65 | 20 |
| Heidelberg | 29 | 38 | 27 |
| Herold | 10 | 48 | 16 |
| Joubertina | 14 | 35 | 0 |
| Karringmelks | 26 | 39 | 31 |
| Knysna | 28 | 53 | 30 |
| Krakeel | 18 | 68 | 21 |
| Krombeksrivier | 26 | 36 | 20 |
| Misgund | 4 | 57 | 20 |
| Mosselbaai | 20 | 30 | 22 |
| Protem | 40 | 48 | 47 |
| Plettenbergbaai | 32 | 73 | 35 |
| Riversdal | 20 | 39 | 14 |
| Swellendam | 39 | 45 | 34 |
| Uniondale | 4 | 32 | 10 |

**Gellewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# SSK WINTERGRAANDAG, RIVERSDAL

'n Besoekersgetal van net onder die 350 gaste het op 27 Augustus by Uitkyk, Riversdal, saamgetrek vir SSK se jaarlikse Wintergraandag. Hierdie inligtingsdag, wat in samewerking met SSK en die Wes-Kaapse Departement van Landbou aangebied word, bring Verskaffers en Produsente byeen om belangrike kwessies rakende wintergewasse te bespreek. Dit bied nie net waardevolle geleenthede vir interaksie tussen Produsente en Verskaffers nie, maar skep ook die ideale platform om blootstelling te kry aan die nuutste landboutegnologie en advies van kenners. 'n Hoogtepunt by vanjaar se dag was die bekendstelling en onthulling van die New Holland CR10-stroper.























# HOOFBESTUURSTOEKENNING 2025



V.l.n.r (voor): Lizzie Jacobs (Winkelbemarker: Agriland Stilbaai), Antonio Windvogel (Silo Operateur: Graan, Albertinia), Stephan Gouws (Bestuurder Onderhoud: Eiendomme), Carllynn Schietekat (Admin Beampte: Krediet, Heidelberg) en Gavin Beeton (Senior Netwerk Beampte, Tegnologie: George). V.l.n.r (agter): Deon Stander (Werktuigkundige: Meganisasie George), Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte), Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin), Dirk van Papendorp (Voorsitter) en Pieter Malan (Hoofbestuurder: Graandienste).



## WESTERN BROKERS AWARDS

'n Trotse oomblik vir SSK Versekering wat onlangs met die Western Pinnacle Toekenning as Top Presterende Makelaar – Medium Kategorie, by die Western Broker Awards weggestap het. Hierdie toekenning dien as erkenning vir die merkwaardige groei van 23.1% in premie-inkomste en die verbintenis tot kwaliteit portefeuljebestuur.

**V.l.n.r.: Niel Kritzinger (Hoof van Distribusie: Western) , Mic Gildenhuys (Bestuurder: Versekering SSK), Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Admin en Finansies SSK) en Jurgen Hellweg (Hoof Uitvoerende Beampte: Western)**

## LANGDIENS ERKENNING

**35 JAAR:** Freddie Jacobs
**30 JAAR:** Marius Stander
**25 JAAR:** Franscois Kistoor, Stephan Potgieter
**20 JAAR:** Anelda Burger, Sanet Slingers, Adriana Abrahams, Jan Roberts en Andrew Hartnick
**15 JAAR:** Henry Gale, Sharlton Everts, Quinton Ludick, John Mitchell, John Afrikaner en Laetitia du Plessis
**10 JAAR:** Jolene Esau, Margaretha Olckers, Sonia Gelant, Elsabe Oosthuizen, Whillan Tony, Gareth Harker, Chanté van Houten en Joesodia le Roux



Henry Gale (Senior Bestuurder: Graan) en Marius Stander (Silo Bestuurder: Karringmelks Graan) wens Freddie Jacobs (Silo Operateur: Karringmelks Graan) geluk met sy 35 jaar diens.



Henry Gale (Senior Bestuurder: Graan) wens Marius Stander (Silo Bestuurder: Karringmelks Graan) geluk met sy 30 jaar diens.



Adam van Wyk (Senior Bestuurder: Veevoere) wens Franscois Kistoor (Produksiebestuurder: Veevoere) geluk met sy 25 jaar diens.



Henry Gale (Senior Bestuurder: Graan) wens Stephan Potgieter (Bestuurder: Meganisasie Onderhoud) geluk met sy 25 jaar diens.

# UMTIZA FARMERS' CORP CELEBRATES WOMEN'S MONTH




During August, and particularly in celebration of Women's Month, our Umtiza staff paid tribute to the vital role South African women play in society. Across our branches, staff expressed their appreciation for women in the workplace, while also highlighting the importance of safety for all women in our country. The celebrations were not limited to our female colleagues - our male employees also participated, sharing in the message of gratitude and support. Together, we honoured and recognized the invaluable contributions of women in agriculture.



# SSK GHOLFDAG, SWELLENDAM

SSK lede en verskaffers wat elke twee jaar aan die SSK Swellendam Gholfdag deelneem, sal weet dat dit beslis 'n sport- en sosiale geleentheid is wat 'n mens nie mag misloop nie. Soos met vorige gholfdae, was hierdie dag nie net 'n groot sukses nie, maar die deelname en ondersteuning van ons lojale verskaffers het gesorg vir 'n dag gevul met sportmanskap, gees en waardevolle netwerk geleenthede. Al was daar heerlik gekuier, het die dag 'n groter doel gedien, naamlik om fondse vir landelike veiligheid in te samel. 'n Bedrag van R200 000 is ingesamel en SSK bedank elke verskaffer vir hul bydrae en die besonderse wyse waarop hulle hul ondersteuning getoon het om hierdie dag moontlik te kon maak.



**V.l.n.r: Rohan Germishuys, Johan Bekker, Tian Capes en Francois Swanepoel.**



**V.l.n.r: Harry Viljoen, Niel Basson, Pietman Uys en Reginald Harmse.**



**V.l.n.r: Willie de Kock, Pieter Malan, Gregory Pepper en Gerrit Cronjé.**



**V.l.n.r: Pieter Houterman en Danie Tipps.**



**"Eendag as ek groot is"**



**V.l.n.r: Gerdus Steyn en Zander Spammer.**



**Bayer-verteenwoordigers Jannie Bruwer (middel) en Rodney Ndou (regs) oorhandig 'n tjek aan Gerdus Steyn (Senior Bestuurder: Saad) ter ondersteuning van landelike veiligheid.**



**V.l.n.r: Morné Goosen, Ryno Kitshoff, Stephen Keyser, Jonathan Monk, Francois du Toit en Gerdus Steyn.**

Redaksie: Astrid Fisher | Tel: 044 601 1200 | astrid.fisher@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Blitsdruk, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za